

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!!**

## Parashah 29: *Acharei Mot*: Na die Dood

יהוה het met Mosheh gepraat ná die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle nadergekom het aan die Teenwoordigheid van יהוה. Lev. 16:1 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Lev. 16:1 tot 18:30

**Haftorah:** Eseg. 22:1 tot 19

**Nuwe Verbond:** Rom. 3:19 tot 28; Rom. 9:30 tot 10:13; 1 Kor. 5:1 tot 13; 6:9 tot 11; 2 Kor.2:1 tot 11; Gal. 3:10 tot 14; Hebr. 7:23 tot 10:25.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 29 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182).

*We live in a day where we are more afraid of holiness than we are of sinfulness – L. Ravenhill.*

*What would happen in our day if believers were to get honest about their sin and serious about pursuing holiness? – Anonymous.*

*It is not the sty that makes the pig, but the pig that makes the sty – Chadwick.*

## Torahbespreking

### Hersiening

Die vorige twee Parashot, naamlik *Tazria* en *Metzora* is vol voorbeelde van hoe יהוה se kinders onrein kan word en bevat die instruksies hoe om weer rein te word. Hierdie instruksies was alles ‘n skadubeeld van die toekomstige verlossing in Yeshua. Daarom volg ons nie meer die instruksies vir reiniging nie, want in Yeshua is dit vervolmaak. Maar die beginsels waarvolgens ons as wedergebore kinders van יהוה onrein kan word het nie verander nie!! Die beginsel waarvolgens ons weer rein kan word het nie verander nie, maar wel die wyse, naamlik soos dit in Yeshua, dié Gesalfde Een vervolmaak is.

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Die besnydenis is ook in 'n vorige Torahskriflesing bespreek ([Parashah27Notas17](#)) en is 'n baie goeie voorbeeld van wat die Torah van Yeshua – die nuwe verbond – ons leer teenoor dit wat in die Torah van Mosheh – die ou verbond – geskryf is. Dit dien ook as bewys dat die Torah van Mosheh verander het. Die slotsom is dat volgens die lering van die nuwe verbond is die fisiese besnydenis nie meer 'n vereiste nie, maar wel die besnydenis van die hart.

Soos al voorheen bespreek was, is beide die Torah van Mosheh en dié van Yeshua die Torah van יהוה, en ons weet dat die beginsel en die wese van die Torah nie kan verander nie en moet gehoorsaam word! Maar verandering in die omgewing en omstandighede, en wat dikwels gekoppel word aan die bepaalde verbond wat ter sprake is, bring egter 'n aanpassing in die praktyk en die toepassing van יהוה se Torah.

En daarom: Voor Yeshua was dit gerig rondom die tempel en die fisiese toepassing van die wet, maar tog heenwysend na 'n groter waarheid. Dit beteken dat onder die ou verbond is יהוה se Torah toekomstgerig, veral die Torah van Mosheh. Na Yeshua se koms – na Sy folterdood en opstanding – het die klem egter verskuif na die geestelike verstaan, die volheid (vervulling) in Hom en die doen in hierdie geestelike begrip daarvan. Nou is ons liggaam die tempel (1Kor.6:19-20) en al die praktiese wette daarvan word in my deur vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een volvoer en voltooi.

Dit beteken dat net soos Yeshua die offers is wat in my gestalte kry, net so is baie ander dele van die Torah van Mosheh deur my vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een volbring, naamlik tot sy volheid gebring.

Die fokuspunt van hierdie week se Torahskriflesing, *Acharei Mot*, is die Dag van Toedekking, maar die vertrekpunt is die herinnering aan die sterwe van Nadav en Avihu nadat hulle in die Teenwoordigheid van יהוה met vreemde vuur gekom het. Beide hierdie gebeure bevat geestelike waarhede wat ons help om Vader-God se hart, en Sy wil vir ons, te ken en dit te doen.

## **Inligting, Kennis En Waarheid**

Toegang tot inligting was nog nooit so maklik soos deesdae nie en ons word voortdurend aan 'n magdom inligting blootgestel. Inligting is wel kennis, maar dit is nie noodwendig die waarheid nie! Daarom is dit uiters belangrik om die verskil te verstaan tussen inligting, kennis en die waarheid, want jou en my lewe – beide geestelike en fisiese lewe – hang daarvan af!!

Eerstens moet ons verstaan dat inligting is niks anders as inligting! Dit kan waar of onwaar wees; dit kan waardevol of nutteloos wees; dit kan opbouend of afbrekend en selfs gevaarlik wees!

Ons kan dit ook anders stel, naamlik: Inligting is kennis en die twee saam maak dit 'n feit, maar hierdie feit maak dit nie noodwendig die waarheid (feitelik korrek) nie! So, wat is dan die definisie van waarheid? Waarheid is dit wat ooreenstem met die werklikheid en wat nie kan verander nie. Inligting, kennis en feite kan egter verander, maar nie die waarheid nie!

Ons moet nie inligting net blindelings glo en as kennis beskou wat die waarheid is nie! Wat ons sien en hoor is nie noodwendig die waarheid nie!

Maar ons almal het die neiging om inligting wat ooreenstem met ons huidige verwysingsraamwerk en met ons huidige kennis as feitelik korrek, en dus as die waarheid, te glo en dit dan te verkondig!

Dit is juis hierdie neiging wat vir ons almal gevaar inhou, veral ten opsigte van geestelike inligting. Ons word toegegooi onder geestelike inligting en ons moet hierdie inligting evalueer met die doel om te kan onderskei tussen die waarheid en die leuen. Geestelike inligting vereis ons aandag, want ons ewige lewe hang daarvan af.

Wanneer ons op soek is na die geestelike waarheid is ons vertrekpunt die versekering dat יהוה se woord die waarheid is – die onveranderlike! יהוה is God en Sy woord is die waarheid (2Sam. 7:28). Daarom het Yeshua aan sy dissipels gesê:

Hulle is nie vanuit die wêreld nie, net soos Ek nie vanuit die wêreld is nie. Vader, sonder hulle af in U waarheid, want U boodskap is die waarheid. Joh. 17:16-17

Vader se wil is om Sy kinders af te sonder (te heilig) in Sy boodskap (woord) wat die onveranderlike waarheid is! En ons weet dat Yeshua die boodskap is wat vlees geword het (Joh. 1:14). Daarom wil die Vader ons afsonder in Yeshua, dié Gesalfde Een!

יהוה het Sy Gees, die Gees van die Waarheid aan ons gegee om ons te leer en te lei.

16 Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid.

17 Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is. Joh. 14:16-17.

Yeshua het ook aan sy studentevolgelinge (dissipels) gesê:

12 Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie,

13 maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar.

14 Hy sal My vereer en loof omdat Hy, uit wat aan My behoort sal vat en aan julle sal wys.

15 Alles wat My Vader het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal vat uit wat aan My behoort en aan julle wys. Joh. 16:12-15.

Let op dat Yeshua hier aan sy volgelinge sê dat Hy nog baie dinge (waarhede) het om vir hulle te vertel, maar dat hulle nie nou gereed is om dit te ontvang nie. Hierdie “nog baie dinge” sal deur die Gees van die Waarheid aan hulle openbaar gemaak word! Die Afgesonderde Gees sal hulle in die hele waarheid lei!

In die lig hiervan kan ons verstaan waarom Yeshua byvoorbeeld nie Sy dissipels geleer het aangaande die verandering ten opsigte van die priesterorde nie, naamlik dat die Levitiese priesterorde uitgedien is en met die Malki-Tzedek priesterorde vervang word. Hierdie waarheid sou deur die Afgesonderde Gees ondermeer aan die skrywer van die brief aan die Hebreërs openbaar word!

Die Gees van die Waarheid lei en leer ons almal en tog kom ons as gelowiges in Yeshua dikwels by verskillende “waarhede” uit. Ons elkeen glo graag dat ons in die lig van die waarheid wandel, en tog verskil ons dikwels sodanig dat ons onself in verskillende denominasies, of groepe, groepeer waar ons dit wat ons glo die waarheid is, met oorgawe verdedig. Hoewel ons almal saamstem dat die Skrifte die onderrig en instruksies (die leerstellings) van יהוה is, verskil ons dikwels oor hoe dit verklaar word.

Geestelike groei vind plaas wanneer die inligting en kennis waaroor ons aangaande יהוה se Woord beskik, voortdurend vermeerder. Daarom moet ons besef dat die inligting en kennis waaroor ons op enige tydstip beskik nie die volle waarheid is nie, want ons almal ken slegs ten dele (1Kor. 13:9-12). Paulus het hier na blink gepoleerde brons (koper) verwys wat as 'n spieël van daardie tyd gedien het en wat nie so 'n helder beeld weerkaats het as die hedendaagse glasspieëls nie.

First Fruit of Zion skryf die volgende in die verband:

*Remembering that we do not see God clearly should help keep us humble. It should make us reluctant to criticize other people's theologies and their experiences with God. They may have perceived an aspect of the Almighty that we have not, or we may have found revelation that has been withheld from them. Neither of us is to be blamed for not seeing the whole picture. In this world, the whole picture is not available. Yeshua told the theologians of His day, "You have neither heard His voice at any time nor seen His form" (John 5:37). That is why a true appreciation for the greatness of God excludes religious arrogance. The Apostle Paul exclaimed, "Now I know [only] in part, but then I will know fully" (1 Corinthians 13:12). Nobody on this side of the veil has apprehended absolute truth (Parashah Acharei Mot, 2016).*

Ons almal het leemtes in ons kennis van יהוה en van Sy woord. Maar wanneer ons met vurige ywer en met 'n leerbare gees יהוה se Woord bestudeer, sal die onveranderde waarheid toenemend aan ons openbaar word.

Daarom het Petrus die volgende geskryf:

maar julle moet groei in die onverdiende guns en kennis van ons Meester en Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een en van God-die-Vader, aan Wie die eer, lof en aanbidding nou en altyd toekom tot in ewigheid. Dit is waar! 2 Pet. 3:18.

Ons moet daagliks in die waarheid van יהוה se Woord groei. Die vraag is dus hoe reageer ons as ons met geestelike inligting gekonfronteer word? Ons moet baie versigtig wees vir 'n gesindheid van: *I have made up my mind, do not confuse me with the facts.* 'n Gesindheid van ek het klaar besluit wat ek glo, moenie my met feite kom deurmekaar maak nie, is nie 'n leerbare gees nie!! Onthou: Elkeen is self verantwoordelik om die waarheid te ontdek en te bevestig.

In ons soeke na die waarheid moet ons die volgende gesindheid hê: Eerstens moet ons heeltemal eerlik met onself wees, en nie vashou aan vooropgestelde sieninge (leerstellings) nie. Tweedens moet ons vreesloos wees vir dit wat ander mag dink, sê of doen wanneer ons iets glo wat teenstrydig is met dit wat hulle glo. Alleenlik dan sal die waarheid ons vry kan maak, en sal ons geestelik groei.

**10** en trek die nuwe aan wat voortdurend in kennis, in die beeld van sy Skepper, nuut gemaak word,

**11** waar daar nie Jood en Arameër, besnedene en onbesnedene, Griek en barbaar, of slaaf en vryman is nie, maar Die Gesalfde Een alles en in almal is. Kol. 3:10-11.

Geliefdes, ons moet derhalwe altyd onthou dat inligting is kennis, maar dit is nie noodwendig die waarheid nie! Waarheid is dit wat ooreenstem met die werklikheid en wat nie kan verander nie. Die woorde van יהוה, Sy onderrig en instruksies, is die waarheid. Ons almal moet voortdurend strewe na hierdie waarheid!

## Nadav en Avihu

Soos genoem begin hierdie week se Torahskriflesing met 'n herinnering aan die sterwe van Nadav en Avihu nadat hulle in die Teenwoordigheid van יהוה met vreemde vuur gekom het

יהוה het met Moshe gepraat ná die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle nadergekom het aan die Teenwoordigheid van יהוה. Lev. 16:1.

Hierdie is bevestiging en 'n waarskuwing dat ons nie net die waarheid moet ken nie, maar dat ons dit ook moet doen! Ons moet יהוה se onpartydige opregtheid doen. Gehoorsaamheid aan God se Torah is om onpartydige opregtheid te doen! Soos Dawid dit in Ps. 15:1-2 bevestig:

<sup>1</sup> 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek. יהוה, wie mag bly in U tent? Wie mag woon op U afgesonderde berg?

<sup>2</sup> Hy wat met integriteit loop, onpartydige opregtheid doen en wat die waarheid praat in sy verstand, wil en emosie.

Slegs diegene wat יהוה se onpartydige opregtheid doen, is onskuldig net soos Hy, dié Gesalfde Een, onskuldig is (1Joh. 3:7).

Daarom moet ons voortdurend die waarheid in God se woord met ywer gaan soek en dit dan doen! Sonder die doen, naamlik die toepassing van die waarheid, is waarheid nutteloos en sal die waarheid ons nie vrymaak nie (Joh. 8:32)!

Ons lees in Spr. 11:27 die volgende:

Wie ywerig die goeie soek, sal voortdurend guns vind, maar die kwaad sal kom op hom wat dit soek.

Die Hebreus vir “ywerig die goeie soek” is *shachar* en beteken om met uiterste toewyding te soek. Die grondwoord waarvan hierdie woord afgelei is, impliseer om vroeg op te staan om 'n taak met toegewyde erns aan te pak. Volgens “Strong’s Hebrew and Greek Dictionaries” OT:7836 beteken dit: *shachar (shaw-khar’); a primitive root; properly, to dawn, i.e. (figuratively) be (up) early at any task (with the implication of earnestness); by extension, to search for (with painstaking)*. Hierdie is die gesindheid waarmee ons die waarheid moet soek met die doel om dit toe te pas.

Nadav en Avihu het die waarheid geken, maar dit egter nie reg toegepas nie! Hulle het nie hulle “taakoms krywing” volgens יהוה se voorskrifte (Torah) uitgevoer nie en het gesterf (Lev. 10:2)!! Hulle het die grense van dit wat *kadosh* (heilig, afgesonder) en *tahor* (rein) is, oorskrei en opgetree in die realm (area) van *chol* (onheilig) en *tamei* (onrein). Met ywer, en waarskynlik met goeie bedoelings, het hulle volgens hul eie onpartydige opregtheid opgetree en geglo dit sal vir יהוה aanvaarbaar wees! Hulle het volgens hulle eie kennis wat hulle as die waarheid beskou het opgetree, maar dit het hulle dood gekos!

## Geestelike Waarheid en die Geskiedenis.

In ons soeke na geestelike waarheid is ons vertrekpunt die versekering dat יהוה se Woord die waarheid is – die onveranderlike! Ons weet dat יהוה geen mens is dat Hy sou lieg nie!

Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie? Num. 23:19.

Maar ons moet ook beseft dat die geskiedenis dikwels 'n hulpmiddel kan wees in ons soeke na geestelike waarheid. Beide die Skrifte van die ou en die nuwe verbond hou verband met geskiedkundige gebeure. Hoewel die Afgesonderde Skrifte ook as 'n geskiedkundige handleiding kan dien, gee dit nie altyd die volledige geskiedkundige agtergrond nie. Daarom is dit dikwels nodig dat ons ook die geskiedenis moet navors, want dit sal help om by die geestelike waarheid uit te kom en om geestelike waarhede beter te verstaan.

Betroubare geskiedkundige bronne kan help om ons van misleiding te bewaar en kan ook 'n hulpmiddel wees om profesie te verstaan en te verklaar.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ons elkeen moet voortdurend onself vra: Glo ek omdat dit die waarheid is of is dit vir my die waarheid omrede ek dit glo? Die gevaar is wanneer dit die waarheid word omrede ek dit glo! Onthou: Satan is 'n meester om die leuen na waarheid te laat lyk!
2. *It is better to be hurt by the truth than to be devastated by lies.* Die leuen kan jou dood – fisiese en geestelike – veroorsaak. Maar hoe kan die waarheid jou seermaak? Wat van die verwerping en vervolging deur geliefdes en vriende wat dikwels die gevolg is omrede jy die waarheid glo en doen? Maar onthou: *A successful man is one who can lay a firm foundation with the bricks that others throw at him!*
3. Geskiedenis het bewys gelever dat feeste soos Kersfees en *Easter* heidense oorsprong het en tog het die Christendom dit vir ons as die waarheid geleer en verkondig dit steeds as waarheid. Wat van Rabbiniese Judaïsme en Sionisme? Is daar ook dinge wat hulle as die waarheid verkondig, maar wat volgens die geskiedenis 'n leuen is? Byvoorbeeld: Is die kalender van Rabbiniese Judaïsme die ware kalender van יהוה? Wat leer die geskiedenis ons? En dan ook: Hoekom is daar 'n groot groep Torahgetroue Rabbies wat gekant is teen die tot standkoming van die Sionistiese staat van Yisra'el? Wat leer die geskiedenis ons in dié verband. Het jy dit al self ondersoek?

### ***Yom Kippur – Die Dag van Toedekking***

Die hoogtepunt van parashah *Acherei Mot* is die Dag van Toedekking, ook bekend as die Groot Versoendag en in Hebreeus as *Yom Kippur*. Hierdie is volgens die Vasgestelde Tye (Feestye) van יהוה soos in Lev. 23:26-31 beskryf word en is deel van die Herfsfeeste wat bestaan uit die Fees van die Basuin (*Yom Teruah*), die Dag van Toedekking (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot*).

Die doel en betekenis van die Dag van Toedekking word meer breedvoerig in vorige notas, wat afgelaai kan word by [Parashah29Notas14](#), bespreek.

Wanneer ons die Dag van Toedekking bestudeer, is dit veral om die geestelike waarhede te ontdek soos dit in Yeshua vervul is. Hierdie Vasgestelde Tyd was deel van יהוה se onpartydige opregtheid wat Yisra'el moes doen en was 'n heenwysing na God se onverdiende guns in Yeshua. Daarom gedenk ons dit as herinnering van dit wat God reeds in Yeshua vir ons gedoen het, besig is om te doen en nog sal doen.

Dit is daarom belangrik om te verstaan dat beide Pesag en die Dag van Toedekking 'n sinnebeeld is van die versoening met יהוה deur die Lam van God, naamlik Yeshua, dié Gesalfde Een, wat vir ons sondes gesterf het. Hoewel daar ooreenkomste tussen die twee Vasgestelde Tye is, is daar egter ook sekere verskille, ondermeer die volgende:



- Pesag is 'n herinnering aan die eenmalige offer wat vir vergifnis van sonde gebring is (Heb 9:11 en 12; Heb. 10:12). Op die wyse is daar versoening met יהוה vir elkeen wat glo in Yeshua as יהוה se Pesaglam.
- Die Dag van Versoening is ook 'n heenwysing van hierdie feit, maar bevat 'n bykomende stap in יהוה se reddingsplan, naamlik die verwydering van die oorsaak van sonde. Die Dag van Versoening is 'n heenwysing na die vergifnis van sonde sowel as die verwydering van sonde. Hierdie stap, die verwydering van die oorsaak van sonde, naamlik Satan en sy bose magte, moet plaasvind alvorens daar ware vrede op aarde kan wees. Dit is deel van die eindtydgebure soos dit in Openbaring beskryf word.

Die twee bokke word egter gesien as een offerande.

- Die een vir יהוה is 'n afbeelding van ons eie reiniging van sonde deur vertroue in die versoeningswerk van Yeshua as God se Gesalfde aan die folterpaal.

want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word. 2Kor. 5:21.

Hierdie kan ook vergelyk word met die reiniging van ons liggaam as die tempel van יהוה en van die reiniging van die gemeente (1Kor. 3:16).

Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: "Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees." 2 Kor. 6:16

- Die bok vir Asásel is 'n afbeelding van die verwydering van ons sonde so ver as die Ooste is van die Weste (Ps. 103:11). Die lot vir Asásel is 'n sinnebeeld van Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons sondes op Hom geneem het en in ons plek die loon van die sonde, naamlik die dood, gedra het sodat ons met יהוה versoen kan wees. (Jes. 53:1-6; 1Kor. 15:3 en 4; Gal. 1:3 en 4; Heb. 2:17; 1Joh. 2:2; 4:10).

Beide Pesag en die Dag van Toedekking dien dus as herinnering aan die eenmalige offer wat vir vergifnis van sonde gebring is soos dit in Hebr. 9:6-14 verduidelik word.

6 Die priesters het elke keer in die buitenste Tabernakel ingegaan en hulle bediening uitgevoer,

7 maar in die binneste van die Tabernakel het die hoofpriester alleen, een maal per jaar, met bloed, wat hy offer vir sy lewe en vir die oortreding van die mense, ingegaan.

8 Hierin het die Gees wat Afgesonderd is, geleer dat die pad van Afgesonderdheid nog nie openbaar is, solank as wat die eerste Tabernakel nog staan nie.

9 Dit was 'n bloudrukplan vir daardie tyd, waarin daar geskenke en offers gebring is, wat hom, wat hulle offer, se gewete nie volkome kon maak

10 deur kos, drank en verskillende reinigingswassing, wat vleeslike instellings is, wat vasgestel is tot op die tyd van hervorming, nie,

11 maar dié Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie.

12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaarou bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,

13 want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van 'n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,

14 hoeveel te meer sal die bloed van dié Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien.

Yeshua het as Ewige Hoofpriester volgens die beeld van Malki-Tzedek die volmaakte tabernakel ingegaan en met sy eie bloed loskoping van sondeskuld verkry vir elkeen wat vertrou in Yeshua as die geslagde Lam van יהוה-God. Yeshua het een offer vir ons sondes gebring en toe gaan sit aan die regterhand van God.

11 Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,  
 12 maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd,  
 13 wagtend verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is. Heb. 10:11-13.

Ons Malki-Tzedek Hoofpriester het aan die regterkant van יהוה – die plek van eerbewys en outoriteit – gaan sit. Hiermee word bevestig dat ons Hoofpriester se taak van versoening met יהוה deur fisiese offers vir ewig afgehandel is! Die jaarlikse Toedekking van die sondes van Yisra'el is vir ewig afgehandel..

14 want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonder is, tot die doel gebring.  
 15 Die Gees wat Afgesonderd is getuig ook vir ons en sê:  
 16 “Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae,” sê יהוה; “Ek sal My wet gee in hulle begrip en in hulle verstand, wil en emosie sal Ek dit inskryf  
 17 en hulle sondes en hulle oortredinge van die wet sal Ek nie onthou nie,”  
 18 maar waar daar vergifnis van sonde is, is daar nie 'n offer vir die sonde nodig nie. Heb. 10:14-18.

Yeshua is ons Pesag en ons Toedekking! Die fisiese is afgehandel volgens יהוה se Raadsplan! Daarom is die doel en betekenis van Pesag en die Dag van Toedekking slegs geestelik van toepassing. Ons bring geen fisiese offer nie, maar wel geestelike offers, naamlik looffers en dankoffers, asook ons liggame as 'n lewendige offer om as tempel vir die Afgesonderd Gees te dien en om יהוה se wil te doen!

1 My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk  
 2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Rabbiniese Judaïsme verwerp Yeshua as Toedekking vir elkeen wat vertrou het in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Gesalfde van God. Daarom het Torahgetroue Jode 'n verlange om die tempel te herbou sodat hulle weer die offerandes volgens die Torah van Mosheh, en onder die gesag van 'n Levitiese priesterorde, kan bring. So sal hulle dan ook die jaarlikse Dag van Toedekking gedenk volgens die voorskrif soos in hierdie week se Torahskriflesing uiteengesit word. Sal dit nie 'n gruwel in יהוה se oë wees nie? Sal God Yisra'el vir dit oordeel?



## Vas of Verootmoedig.

Ten opsigte van die Dag van Toedekking lees ons in Lev. 16:29-31 die volgende:

<sup>29</sup> Hierdie sal 'n ewige instelling vir julle wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle in nederigheid vas en géén werk doen nie; die kind van die land sowel as die vreemdeling wat by julle besoek,

<sup>30</sup> want op hierdie dag moet hy vir julle toedekking doen om julle te reinig van al julle sondes om voor die Teenwoordigheid van יהוה rein te wees.

<sup>31</sup> Dit moet 'n Shabbat van volkome rus vir julle wees en julle moet in nederigheid vas. Dit is 'n ewige instelling.

Hierdie opdrag word ook in Lev. 23:32 herhaal:

Dit sal vir julle 'n Shabbat van volkome rus wees en julle moet in nederigheid vas. Vanaf die negende van die maand met sonsondergang, vanaf sonsondergang tot sonsondergang, moet julle jul Shabbat hou.”

In die 1953, Afrikaanse Vertaling word Lev. 16:31 soos volg vertaal:

‘n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Dit is ‘n ewige insetting.

Die King James vertaal dit soos volg: *It shall be unto you a sabbath of rest, and ye shall afflict your souls.* Dit beteken om jou siel te teister en te beproef.

In die Interlinear Scripture Analyzer word dit soos volg vertaal:

It will come to be for you as an eonian statute: In the seventh month on the tenth of the month you shall humble your souls, and no work at all shall you do, the native or the sojourner sojourning in your midst.

Die Hebreus vir *in nederigheid vas* en vir *verootmoedig* is *anah*. Die Dag van Toedekking is ‘n dag wat elkeen sy siel, naamlik sy wil, denke en emosie moet teister en beproef of dit in alle opsigte aan יהוה se standaard voldoen. Om te vas kan deel van verootmoediging wees, maar dit is nie waar die klem geplaas moet word nie. Om ‘n dag lank te vas sonder om jou wil, denke en emosie te teister en te beproef of dit in alle opsigte aan יהוה se standaard voldoen, is nutteloos!

Die Hebreus vir vas is *tsoom* soos wat in ondermeer die volgende Skrifgeeelte voorkom:

Toe vra sy dienaars vir hom: “Wat is die ding wat u gedoen het? Terwyl die seun lewend was, het u gevas (*tsoom*) en gehuil, maar toe die seun sterf, het u opgestaan en kos geëet.” 2Sam. 12:21.

Sy het in die briewe geskryf en gesê: “Roep 'n vasdag uit en sit Navot aan die hoof van die mense. 1Kon. 21:9.

Verootmoediging is om jouself te verneder!

Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplik. Jak. 4:10.

Word nederig gemaak onder die kragtige hand van God sodat dit julle kan oplik op die regte tyd. 1Pet. 5:10.

Ons lees in Deut. 8:16 dat Yisra'el 'man hu' in die wildernis geëet het om hulle nederig te maak en hulle te beproef sodat יהוה uiteindelik aan hulle goed kan doen.

wat jou in die wildernis met 'man hu', wat jou vaders nie geken het nie, gevoed het, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou ten einde goed te doen.

Yeshua is die 'man hu' (brood) wat uit die hemel neergedaal het. Om van hierdie 'man hu' te eet is verootmoediging – om jouself te verneder, want dit is om in berou voor יהוה-God te buig en te vra vir vergifnis van sonde, naamlik vir oortreding van Sy Torah. Dit is ook om jouself tot gehoorsaamheid aan God se Torah te onderwerp!

49 Julle vaders het die 'man hu' in die wildernis geëet en het doodgegaan.

50 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het sodat iemand daarvan kan eet en nie doodgaan nie. Joh. 6:49-50.

Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die 'man hu' geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe.” Joh. 6:58.

Yeshua is die 'Man Hu'-Woord van יהוה waarmee ons daaglik gevoed moet word tot vernuwning van ons denke sodat ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is (Rom.12:1-2).

Yeshua is ons Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek wat Homslef verneder het en wat gehoorsaam was tot die dood toe.

5 Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in dié Gesalfde Een, Yeshua, is,

6 Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie,

7 maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het in die vorm van 'n mens en gevind is in die gedaante van 'n man:

8 Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word.

9 God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig en aan Hom die Karakter en Outortiteit (Naam) gegee wat bo elke karakter en outortiteit (naam) is

10 sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outortiteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is

11 en elke tong sal erken dat Yeshua, dié Gesalfde Een, Die Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader. Fil. 2:5-11.

Hierdie gesindheid van dié Gesalfde Een moet ons ook openbaar en dit is wat die Dag van Toedekking 'n sinnebeeld onder die nuwe verbond van is. 'n Gesindheid wat ons elke dag moet openbaar. Ons verootmoedig ons daaglik deur ons nie te weerhou van voedsel nie, naamlik deur te vas nie, maar deur ons te weerhou van die begeertes van die vlees wat hoogmoed en selfsug is. Ons verootmoedig ons voor יהוה deur Sy onpartydige opregtheid te soek en dit te doen.

Die Dag van Toedekking is 'n herinnering aan die geestelike toepassing van dit wat in die Torah van Mosheh 'n skaduwee was van 'n toekomstige waarheid wat in Yeshua vervul is. Laat ons dus met die vernuwning van ons denke as 'n Malki-Tzedek priesterorde jaarliks die Dag van Toedekking gedenk.

## Bepens of Bespreek

1. Lees Jes. 58:1-11 en let op, veral in verse 5 tot 7, die vas (*tsoom*) wat יהוה van ons elkeen vereis. Is dit ook gelykstaande aan verootmoediging?
2. Die Dag van Toedekking is nie net 'n dag van verootmoediging nie, maar ook 'n ware feesdag van dankbaarheid vir versoening met יהוה ons Vader deur die onverdiende guns in Yeshua!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*